

Magozwe

Lesley Koyi
Wiehan de Jager
Fanie Viljoen, Helena Vilonel

5
Afrikaans af

In die besige stad, Nairobi, ver verwyder van ‘n liefdevolle huis, woon ‘n groep daklose seuns. Hulle het elke dag maar gevat soos dit kom. Een oggend het die seuns hulle slaapmatte gepak nadat hulle op die koue sypaadjie geslaap het. Om die koue weg te hou, maak hulle vuur met rommel. Magozwe, was die jongste seun in die groep.

Magozwe was net vyf jaar oud toe sy ouers gesterf het. Hy het by sy oom gaan bly. Hierdie man het nie vir die kind omgegee nie. Hy het nie vir Magozwe genoeg kos gegee nie en het die seun baie harde werk laat doen.

As Magozwe kla of vrae vra, het sy oom hom geslaan. Toe Magozwe vra of hy skool toe mag gaan, het sy oom hom geslaan en gesê, “Jy is te dom om enige iets te leer.” Na drie lange jare van hierdie slegte behandeling, het Magozwe weggehardloop van sy oom af. Hy het op die straat begin lewe.

Die straatlewe was moeilik. Die mmeste van die seuns het gesukkel om kos in die hande te kry. Hulle is soms gearresteer of geslaan. As hulle siek was, was daar geen hulp nie. Die groep moes staatmaak op die klein bietjie geld wat hulle gekry het deur te bedel op straat en ook deur plastiek en ander goed te herwin. Die lewe was selfs nog moeiliker omdat gevegte tussen vyandige groepe oor beheer oor dele van die stad.

Eendag, terwyl Magozwe in asblikke krap, kry hy ‘n ou stukkende storieboek. Hy het die vuilgoed afgevee en die boek in sy sak gesit. Elke dag daarna haal hy daagliks die boek uit en kyk na die stories. Hy het nie geweet hoe om die woorde te lees nie.



Die prente het die storie vertel van ‘n seun wat ‘n vlieënier geword het. Magozwe het daarvan gedroom om ook eendag ‘n vlieënier te word. Hy het soms gedroom dat hy die seun in die storie is.

Dit was koud en Magozwe het op die straat staan en bedel toe ‘n man en na hom aangestap kom met hom begin praat. “Hallo, my naam is Thomas. Ek werk hier naby by ‘n plek waar ‘n mens iets kan kry om te eet,” het hy gesê. Hy het na ‘n geel huis met ‘n blou dak beduie. “Wil jy nie soontoe gaan om kos te kry nie?” het hy gevra. Magozwe het na die man gekyk en dan na die huis. “Miskien,” het hy gesê en weggestap.

Oor die volgende paar maande het die daklose seuns daaraan gewoond geraak om vir Thomas te sien. Hy het graag met mense gepraat, veral mense wat op die straat bly. Thomas het geluister na die mense se lewensverhale. Hy was ernstig en geduldig. Hy was nooit lelik of sonder respek nie. Sommige seuns het middae begin om na die geel en blou huis te gaan om kos te kry.

Eendag het Magozwe op die sypaadjie gesit en na sy prenteboek gekyk toe Thomas langs hom kom sit. “Waaroor gaan die storie?” het Thomas gevra. “Dit gaan oor ‘n seun wie ‘n loods geword het,” antwoord Magozwe. “Wat is die seun se naam?” het Thomas gevra. “Ek weet nie, ek kan nie lees nie,” het Magozwe sag gesê.

Uiteindelik het Magozwe sy eie storie vir Thomas vertel. Die storie was oor sy oom en hoekom hy weggehardloop het. Thomas het nie baie gepraat nie. Hy het ook nie vir Magozwe vertel wat om te doen nie, maar hy het altyd baie mooi geluister. Hulle het soms gesels terwyl hulle geë et het by die huis met die blou dak.

Met Magozwe se tiende verjaarsdag het Thomas vir hom ‘n nuwe storieboek gegee. Dit was die verhaal van ‘n arm seun van ‘n klein dorpie wat ‘n bekende sokkerspeler geword het. Thomas het die storie keer op keer vir Magozwe gelees. Eendag sê hy, “Ek dink dit is tyd dat jy skool toe gaan en self leer lees. Wat dink jy?” Thomas het verduidelik dat hy weet van ‘n plek waar kinders kan woon en skool toe gaan.

Magozwe het gedink aan die nuwe plek en aan skool toe gaan. Wat as sy oom reg was – sê nou net hy is te dom om iets te leer? Wat as hulle hom by die nuwe plek gaan slaan? Hy was bang. “Dis miskien beter om voort te gaan om op die straat te leef, “ het hy gedink.

Hy het sy vrese met Thomas gedeel. Met tyd het die man die seun gerusgestel dat die lewe by die nuwe plek beter sal wees.

Dit is hoe Magozwe uiteindelik in ‘n kamer, in ‘n huis met ‘n groen dak gaan bly het. Hy het die kamer met twee ander seuns gedeel. Altesaam het daar tien kinders in daardie huis gebly. Saam met Tannie Cissy en haar man, drie honde, ‘n kat en ‘n ou bok.

Magozwe het begin skoolgaan. Dit was moeilik en hy moes baie werk inhaal. Hy wou somtyds moed opgee, maar dan dink hy aan die loods en die sokkerspeler in die storieboeke. Net soos hulle het hy nie opgegee nie. ##

Global Storybooks

globalstorybooks.net

Magozwe

Lesley Koyi
Wiehan de Jager
Fanie Viljoen, Helena Vilonel

CC BY